



Monumentpark
Kleuterskool
Nursery School

Steenboklaan 48, Monumentpark , 0181
012 460-4176 / Sue Nolte (Hoof) 073 6499 739

Epos: Sue.nolte78@gmail.com ,

Lynette Stander 082 452 4607

www.monumentparkkleuterskool.co.za

Facebook: Monumentpark Kleuterskool Groep

Nood nommers: Lynette: 082 452 4607 / Sue 073 6499 739

MONUMENTPARK KLEUTERSKOOAL ALGEMENE INLIGTING, INSKRYWINGSVORM, REËLS EN REGULASIES

Monumentpark Kleuterskool bied aan u kind 'n stimulerende en interessante omgewing wat sorgvrye spel bevorder. U kind se verbeelding word vrye teuels gegee en sodoende word kreatiewe idees, oplossings en benaderings gevorm en bemagtig u kind homself speel-speel.

Die speel fase van enige kind se ontwikkeling is van kardinale belang. Die gesindheid en gesag van die ouerhuis word hier uitgebou en aangevul en so word 'n tweede tuiste vir u kosbaarste besitting geskep waar hy of sy altyd die belangrikste is.

Die kurrikulum wat gevolg word se dagprogram sluit die volgende in:

- Bybelonderrig
- Kuns-en hand aktiwiteite
- Bak en brou, verf, teken en collage
- Omgewingsleer en wêreld-oriëntering
- (Persepsie, kennisuitbreiding)
- Natuur- en belangstellings borde
- Taalontwikkeling (Stories, gedigte, poppespel, tweedetaal)
- Sang, Musiek en Bewegings aktiwiteite
- Roetine-aktiwiteite (Aankoms, toilet roetine, opruim, etenstye, rustyd, vertrek)

Die Kleuterskool program is egter nie absoluut of rigied nie en is baie buigbaar om sodoende informele opvoeding op 'n menslike en persoonlike wyse aan te bied. Monumentpark Kleuterskool is 'n opvoedkundige sentrum wat geregistreer is by die Onderwys Departement sedert 1979.

Ons het ruim speelkamers met die nuutste opvoedkundige apparaat en ruim speelgrond met al die nodige klim-en-klouter apparaat.

Die personeel is ervare opgeleide onderwyseresse met jare onderwys ondervinding wat die kinders individuele aandag gee in 'n liefdevolle omgewing.

1. TOELATINGSBELEID

- Kinders van 3 maande tot 5 jaar word toegelaat.
- Die voertaal en onderrigmedium is Afrikaans.
- Christelike beginsels word aanvaar en toegepas in die opvoeding van u kind.

2. SKOOLGELDE – Ontbyt / middagete / verversings ingesluit

Bankbesonderhede:

Rekening houer: Monumentpark kleuterskool

Bank: ABSA - Tak: Menlyn - Tak kode: 630 745

Rekening nommer: 404 326 4045

KLEUTERS (3 – 5 jaar)

Voldag = R2 8800.00 (R60 korting vir 2 kinders)

Slagorkes-lede (5 jariges) = R60-00 (per kind per maand ekstra in 'n aparte koevert)

“snoepie” roomys / sjokolade) R35-00 (per kind per maand ekstra in 'n aparte koevert)

Bak en brou = R20-00 (per kind per maand ekstra in 'n aparte koevert)

Poppekas = R25-00 (per kind per maand ekstra in 'n aparte koevert)

(roomys ens. word gegee omdat ons nie kan 'n snoepie hou nie, Omdat die lekkernye wat gekies word nie te soetigheid bevat nie, eet die kleutertjies hulle kossies in die middag)

LW gedurende Covid-19 gaan daar nie bruinkoevertjies gestuur word nie vir poppekas sowel as bak en brou, slagorkes en snoepie nie

PEUTER-AFDELING – (1-3 jaar)

Voldag (Nog op doeke) = R2 900.00 (R60 korting vir 2 kinders)

Voldag (van doeke af) = R2 880.00 (R60 korting vir 2 kinders)

Snoepie & bak en brou = R35-00 (per kind per maand ekstra in 'n aparte koevert)

Poppekas = R25-00 (per kind per maand ekstra in 'n aparte koevert)

BABA-AFDELING – (3 maande - 1 jaar)

Voldag = R2 900.00 (R60 korting vir 2 kinders)

DAGBESOEKERS: KLEUTERS EN BABA'S

Voldag = R145 **VIR DIE DAE WAT U KIND DIE SKOOL BESOEK**

LW gedurende Covid-19 gaan daar nie bruin koeverte gestuur word vir poppekas sowel as bak en brou nie

- Alle skoolgeld (wat jaarliks deur die skool vasgestel word), is maandeliks vooruitbetaalbaar.

- Registrasiefooi van R400 per kind **Eenmalige bedrag** - Bedrag is nie terugbetaalbaar nie. (Bedrag word vir administratiewe fooie aangewend)
- Een kalendermaand se skriftelike kennisgewing word vereis indien u kind tydens die maande Januarie tot Oktober wil onttrek. **GEEN KENNISGEWING VAN ONTREKking SAL AANVAAR WORD VIR DIE MAAND NOVEMBER NIE. ALLE FOOIE IS VOORUITBETAALBAAR VOOR OF OP DIE 3DE VAN ELKE MAAND.**
- Boetes sal teen 15% gehef word op fooie wat na die betaaldatum nog uitstaande is. Alle fooie is betaalbaar - al is u kind afwesig as gevolg van siekte of vakansie. `n Gewone maand se skool fooi is betaalbaar vir die maand van Desember.
- Indien daar nie 'n maand kennis gegee is nie moet een volle maand se skoolgeld betaal word.
- Skoolgelde moet voor of op die 3de dag van elke maand betaal word.
- **INDIEN DIE SKOOLGELD VIR 1 MAAND NIE BETAAL IS NIE, SAL DIE KIND TOEGANG TOT DIE SKOOL GEWEIER WORD. Ons het beperkings op die hoeveelheid kinders wat ons per klas mag huisves. Die skoolhoof sal u persoonlik kontak ivm agterstallige skoolgelde.**
- Betalingsbewyse van transaksies wat deur die internet gedoen word, moet binne 24 uur na afhandeling van die oorbetaling aan die skool gestuur word in die betalings bruin koevert word en die oorspronklike dokument moet op aanvraag getoon word. Of epos na sue.nolte78@gmail.com
- Die skoolgeld bly ten volle betaalbaar, selfs al sou die kind om enige rede nie die skool kon bywoon nie.

3. KLEUTERSKOOLOURE Maandae tot Vrydae

- Voldag: 07:00 – 17:30
- Die Kleuterskool is naweke en vakansiedae gesluit asook tydens enkel werksdae wat val tussen 2 vakansiedae.
- Die Kleuterskool is tydens die Kersseisoen gesluit vanaf die 15de Desember Die spesifieke datums sal deurgegee word.
- Geen kinders sal voor 07:00 ontvang word nie.
- Alle kinders moet by aankoms in die sorg van 'n personeellid gelaat word in die skoolterrein. (**GEEN OUIERS WORD NOU OP PERSEEL TOEGELAAT TYDENS COVID-19**)
- Indien die kind by die kleuterskool in die oggend of vroeër afgehaal word, moet die betrokke onderwyseres of enige ander personeellid op die terrein of in die kantoor daaromtrent ingelig word.
- **Indien skoolure oorskry word sal 'n boete van R50-00 per kwartier (15 minute), of enige gedeelte daarvan, gehef word.**

Geen kind is verplig om elke dag die klas by te woon nie. Hoewel onnodige onderbreking die opvoedkundige program beïnvloed, is die kleuterskool program

buigbaar. Graag wil ons toesien dat die kleuterskool 'n informele karakter behou waar die kind op 'n menslike en persoonlike wyse benader word.

- Kinders moet slegs deur 'n verantwoordelike persoon afgehaal word soos gereël.

4. KENNISGEWING

- Die skool moet voor 09:00 in kennis gestel word, indien die kind vir 'n dag/dae afwesig sal wees. Skakel die kantoor of stuur 'n Whatsapp / SMS boodskap na u kind se onderwyseres.
- Les voorbereiding word gedoen
- Die skool moet in kennis gestel word indien enige omstandighede by die huis of by die skool die kind se gedrag kan beïnvloed.
- Indien u kind 'n arbeidsterapeut, fisioterapeut ens. besoek, moet 'n afskrif van enige sodanige verslae tot die skool se beskikking gestel word vir insae. **Ons het op perseel per afspraak; fisioterapie, arbeidsterapie en spraakterapie**
- **Die skool moet in kennis gestel word indien enige verandering van adres, telefoonnommers of geneesheer sou plaasvind.**

5. ETENSTYDE - Die volgende etes en verversings word bedien.

- Ontbyt: 08:10 Mieliepap, hawermoutpap sal afgewissel word)
- Verversings: 10:00 (Rooibostee of sap en toebroodjies)
- Middagete: 12:00 (Soos op spyskaart op kennisgewingbord)
- Verversings: 15:00 (Bv. Sap en toebroodjies)

6. MEDIESE VERSORGING

- **Geen kind wat siek is mag skool toe gestuur word. Indien U kind se koors bô 37.4 is gaan kind aan u terug versorg word en U kan U Dr randpleeg.**
- Personeel aanvaar geen aanspreeklikheid vir die toediening van medikasie, tensy dit duidelik gemerk en in die medisyne bak geplaas is nie (nie in die tas nie). Elke klas het een.
- Tyd van toediening en hoeveelhede moet in die medisyne boek in elke klas ingeskryf word.
- Geen vitamien aanvullers en setpille word deur personeel toegedien nie.
- Wanneer die ouers telefonies in kennis gestel word van 'n siek kind, moet die kind so gou as moontlik afgehaal word.
- Die ouers moet toestemming gee dat, indien een of albei ouers nie bereik kan word nie, Monumentpark Kleuterskool of sy gevolmagtigde die volgende mediese besluit(e) mag neem, selfs al het dit finansiële implikasies vir die ouers, ten opsigte van

6.1. verkryging van mediese hulp of dienste;

6.2. vervoer van die kind na 'n plek waar mediese hulp en/of dienste beskikbaar is;

6.3. die gee van toestemming vir die toediening van enige medikasie soos deur 'n geneesheer aanbeveel;

6.4. die verlening van toestemming vir narkose.

- U word versoek om nie u kind met 'n aansteeklike kindersiekte of enige ander aansteeklike siekte na die skool te stuur nie. Die betrokke dokter moet asb. 'n brief aan die skool uitreik om aan te dui watter aansteeklike siekte die betrokke kind het. Daarna kan ander ouers in die betrokke klas eers in kennis gestel word.
- Enige kinders met kopbeserings of koors se ouers sal gekontak word en die kinders moet afgehaal word by die skool.
- **Kleuters met kopluse sal nie in die kleuterskool toegelaat word nie aangesien dit ander kinders mag besmet.** Dit kom algemeen by alle skole in Pretoria voor. Dit is u verantwoordelikheid om u kleuter se hare gereeld te was en te ondersoek. Die hare sal gereeld by die skool ook ondersoek word en u sal in kennis gestel word indien u kleuter se hare besmet is. Gewoonlik is dit vir ons ouers 'n groot skok as hulle die eerste keer hiermee te doen kry, maar u moet glad nie sleg voel nie.
- Gaan besoek u naaste apteek en hulle sal vir u die nodige informasie gee. Dit is baie maklik oordraagbaar en volgens navorsing hou luse van blink gladde hare.
- Ons het regtig nie by die kleuterskool 'n las van luse nie, maar ouers moet asseblief saamwerk en dadelik optree indien u kleuter dit kry.
- **COVID-19 (indien ouer positief toets moet gesin tuis isoleer vir 10 dae voordat kind skool toe gestuur mag word. Skoolhoof sal dit persoonlik met ouers reël)**

OORDRAAGBARE SIKTES	TERUGKEER NA SKOOL
Duitse Masels (Rubella)	1 week nadat uitslag verskyn
Hepatitis A	7 dae na verskyning van geelsug
Kinkhoes	3-6 weke na aanvang
Luis infestasië	Na algehele reiniging en verwydering van kop, liggaam en klere (nete en luse)
Masels	Na die volle periode van siekwees en uitslag verby is
Breinvliesontsteking	By voorlegging van 'n geneeskundige sertifikaat
Pampoentjies	Vanaf aanvang van simptome totdat swelling weg is
Skabies	24 uur na behoorlike en effektiewe behandeling
Maagkoors/Rota virus	By voorlegging van 'n geneeskundige sertifikaat of totdat diarree heeltemal opgeklaar het

Waterpokkies	Nadat laaste rofies verdwyn het
Witseerkeel	By voorlegging van 'n geneeskundige sertifikaat
Diarree met koors	Nadat toestand heeltemal opgeklaar het
Oog infeksies – insluitende "Pink eyes"	Nadat infeksie heeltemal opgeklaar is
Hand-voet-mond virus	Nadat blasies opgedroog het
Baba masels	Nadat uitslag verdwyn het

7. ADDISIONELE KLASSE (vir ons kinders se veiligheid sal GEEN buitemuurs aktiwiteite vind plaas gedurende Covid-19 nie)

Die volgende klassies sal deur buite personeel aangebied word na gelang van die belangstelling: Die nodige vorms moet ingevul word:

Monkeynastix, Rugby, Krieket, Ballet en dans (Dance-mouse), Rekenaars, Playball, gimnastiek (Rey's), Swem, Wiskunde, Phyz ed sports, kindermusik.

Vir verdere inligting doen asseblief navrae by die kantoor.

8. WAT KINDERS MOET SAAMBRING SKOOL TOE

8.1. BABAS/PEUTERS

Slegs een keer:

- Een baba sepie
- Een nuwe waslappie
- Twee nuwe borslappies
- Een groot nuwe toedraai kombesie

Elke Maand

- En doos snesies (issues) per maand) – Help asseblief veral in die wintermaande)

Daaglik

- Twee stelle skoon klere, duidelik gemerk
- 'n Groot genoeg rugsak of baba sak, duidelik gemerk
- Trui of baadjie vir ingeval die weer sou verander
- Plastieksak vir vuil klere
- Vyf (5) weggooidoeke
- Boudjie salf
- 2 bottels reeds aangemaak vir die oggend, res van die bottels kan slegs met gesteriliseerde water gestuur word en melkpoeier in houertjies, wat aangemaak kan word soos nodig, duidelik gemerk; bottels sowel as proppe moet duidelik met naelpolitoer gemerk wees. Die personeel was self die bottels en plaas dit terug in die

kind se tas. (Behalwe as die baba/peuter minder gedrink het en die mamma dit moet weet.

- Kombersie en kussing, duidelik gemerk
- “Baby Wipes”
- ***Dit staan ouers vry om speelgoed bv. mobile ens vir u baba se bedjie te bring. Die speelgoed moet ook asseblief gemerk word en dit bly in die baba se bedjie waarin hy/sy slaap***

8.2. KLEUTERS

- ‘n Groot genoeg tas of rugsak, duidelik gemerk
- Een stel skoon klere, duidelik gemerk (4-5 jariges) twee stelle vir die kinders 2 – 4 jaar
- Trui of baadjie vir ingeval die weer sou verander.
- Ons matrassies is van ‘n baie hoë gehalte en ingevoer. Elke kleuter het sy eie matrassie met ‘n slopie wat weekliks gewas word.
- Groot doos tissues en ‘n koekie seep / vloeibare hand seep
- Aan die begin van elke jaar sal daar van u ‘n bedrag gevra word vir die aankoop van kryt, ponol gom, boekies met hulle temas en versies, afgerolde werkstukke asook werk boekies wat aangekoop word vir die drie tot vyfjarige kleuters. Geen verdere geld word daarna benodig nie.

9. ALGEMEEN

- Geen eetgoed mag na die skool gebring word nie. Die skool verskaf alle kos tensy u kind allergies is vir sekere kosse.
- Indien die kind verjaar of die skool verlaat moet vooraf toestemming verkry word om lekkernye klas toe te bring by u kind se onderwyseres.
- Geen speelgoed mag saamgebring word skool toe nie, tensy ‘n onderwyseres ‘n spesiale versoek in die verband rig
- Indien daar enige van die skool se speelgoed by u huis ontdek word, moet dit asseblief teruggebring word na die skool.
- Alle verlore goedere sal by die skool bewaar word vir identifisering en opvraging.
- Alle besittings (klere, skoene, ens.) moet duidelik gemerk wees.
- Geen spelery of kattedwaad word in die toilette toegelaat nie.
- Geen vuil taal word toegelaat nie.
- Ons versoek graag dat ouers die vertroulikheid van ander sal respekteer (moet asb. nie ander kinders, ouers of personeel bespreek nie).
- Indien u enige gedagte of klagte wil deel, praat asseblief met die skoolhoof. Indien die skoolhoof nie beskikbaar is nie, stel gerus die kantoor skriftelik in kennis.

10. VEILIGHEID

- Monumentpark kleuterskool het goeie sekuriteit * Gekoppel met beheerkamer & 24 uur reaksie eenheid. Alle klasse het paniek-knoppies.

- Die skool het 16 kameras op die perseel.
- Ons het 'n sekuriteitswag wat daaglik aan diens is met 'n twee-rigting radio.
- Ons het 'n kode op die hek vir sekuriteit.
- **Moet onder geen omstandighede vir u kind die kode van die hek gee nie.**
- Hou asseblief alle hekke toe en moet nooit vreemde kinders sonder hulle ouers se toesig saam met u uitlaat nie.
- Moet asb. nie vir ander ouers of besoekers (wat nie die kode het nie) die hek oopmaak of oophou nie.
- Moet asseblief ook nie vir die kinders deur die heining lekkers gee nie.
- Moet asseblief nie die hoofingang na die skool blokkeer wanneer u kinders op- of aflaaï nie. Laai u kind af en maak 'n afspraak om u kind se juffrou te spreek. Die onderste hek kan gebruik word vir vinnige aflaaï in die oggende.
- Daar is kinders op die parkeerterrein in spitstyd, ry asseblief versigtig wanneer u by die ingang inkom. Hou asseblief die kinders se handjie vas op die parkeerterrein, aangesien dit gevaarlik kan wees tussen die motors.
- Wees asseblief bedagsaam met u spoed. Let op na ander motors wanneer u die deure oopmaak en wanneer in of uit die parkeerterrein beweeg om nie ander motors te beskadig nie.

Indien 'n kind deur iemand anders, afgehaal word is die prosedure soos volg:

Indien enige ander persoon deur die ouers gemagtig word om kinders by die skool af te haal, moet die ouers 'n formele reëling telefonies of via whastapp / briefie met die kantoor of onderwyser tref en daar moet aangeteken word. **Moet asb. nie briewe in kinders se tasse sit nie.**

- Inligting benodig:
 - Naam en klas van kind wat afgehaal word.
 - Naam, van en ID nommer van persoon wat die kind kom afhaal.
 - Datum en tyd wanneer kind afgehaal word.
 - Wanneer kind afgehaal word:
 - Persoon moet sy/haar ID dokument toon aan betrokke personeellid.
 - As gevolg van bogenoemde prosedure, mag geen minderjarige kind 'n kleuter kom afhaal nie.

ALLE KINDERS moet uitgeteken word (Gedurende Covid-19) neem ons kinders se koors 4 maal per dag en dit word aangedui– Daar is 'n lysie by al die afdelings (baba, peuter en kleuter) in alfabetiese volgorde. Teken asb. langs u kind se naam sowel as die tyd wat die kind afgehaal word

11. SOSIALE MEDIA

Die doel van Monumentpark Kleuterskool se Facebook blad is om die kommunikasie met ouers, personeel en vriende uit te brei en aktiwiteite wat by die Skool plaasvind te deel. Enige menings en kommentare wat deur gebruikers en die aanlyn gemeenskap op die Skool se sosiale media platforms, insluitende die Facebook blad gemaak word, is die menings en kommentare van die gebruikers self en reflekteer nie noodwendig die siening van die Skool, die personeel of die eienaars nie.

Alle Facebook blad gebruikers is persoonlik verantwoordelik vir die inhoud van hulle plasings en die Skool, personeel of eienaars is nie verantwoordelik vir die inhoud daarvan nie.

Dit word van gebruikers verwag om respekvol, beleefd en op 'n professionele manier te kommunikeer. Enige onvanpaste kommentaar, insluitend maar nie beperk tot negatiewe, diskriminerende, teisterende, kru taal, rassitiese of beledigende kommentaar teenoor die Skool, sy leerders, personeel, eienaars of ouergemeenskap, is ontoelaatbaar en die Skool behou die reg voor om op eie diskresie sulke kommentaar van die blad te verwyder. Die voorafgaande sluit ook plasings in wat nie met die visie en missie van die Skool verband hou nie. Gebruikers wat hulle aan die voormelde oortredings skuldig maak, kan strafregtelik vervolg word.

Alhoewel die Skool alle redelike pogings aanwend om die inhoud van die Facebook blad te monitor, word nie alle plasings noodwendig gemonitor nie en kan die Skool nie altyd dadelik reageer op die aanlyn versoek om inligting of om ongewensde plasings dadelik te verwyder nie.

Indien u enige probleem of klagtes het word daar van u verwag om dit persoonlik met die hoof of personeel op te neem en nie sosiale media nie bv. Facebook, Twitter, WhatsApp, te gebruik as a manier om klagtes aan te spreek nie.

Deur plasings op sosiale media en die Skool se Facebook blad / WhatsApp groepe te maak, aanvaar die gebruiker dat die inligting aan die algemene publiek beskikbaar is en dat ander gebruikers hierdie inligting buite die beheer van die Skool kan gebruik. Indien jy nie wil hê dat die inligting wat jy beplan om op sosiale media te plaas, deur ander gebruikers gebruik, gepubliseer, gekopieer of uitgedruk mag word nie, moet asb. dan nie enige plasings op sosiale media maak nie. (vind asseblief hiermee aparte toestemmings brief wat geteken moet word)

12. VRYWARING EN AANSPREEKLIKHEID

Alle voorsorgmaatreëls word getref om die veiligheid van die kinders te verseker. Die eienaars van die skool en personeel aanvaar geen verantwoordelikheid vir:

- Enige skade wat mag voortspruit uit liggaamlike beserings van u of u kind nie.
- Enige verlies van of skade aan persoonlike eiendom van u of u kind nie.

- Indien daar enige 3de party eis voortspruit uit enige moontlike ongelukke, sal die werknemer wat namens die skool optree, nie vir die koste van sodanige eis aanspreeklik gehou word nie.
- Enige persoon wat die skoolgrond betree doen dit op hulle eie risiko.
- Parkering en inrit word op eie risiko gebruik en die skool en personeel aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade of insidente nie.

COVID-19

- Aangeheg is die nuwe prosedures wat ons moet volg van Departement van Sosiale Ontwikkeling. Ons het al die nodige besoeke van die Departement ontvang en volg al die reëls:

Neem die volgende in ag om die COVID-19-verspreiding effektief te bekamp:

- Bly tuis as jy siek is.
- Nies en hoes in jou elmboog.
- Was jou hande gereeld en deeglik.
- Maak oppervlakke gereeld skoon.
- Vermyn enige fisiese kontak met ander mense.
- Maskers is verpligtend. Personeel moet 'n masker sowel as 'n "visor" dra teen alle tye
- Kinders onder 5 hoef nie maskers te dra nie. Ons doen wel 'n beroep op ouers om wel "visors" te koop (skool verkoop dit teen R40 per visor) Bestel by u kind se juffrou via WhatsApp
- Soos kleuters, babas en peuters terugkeer, sal die eerste les wees hoe om persoonlike beskermings toerusting effektief te gebruik en kinders bewus te maak van sosiale afstand van 1.5m

Daar is verskeie maniere wat ons u kind en die personeel by die skool gaan beveilig:

- Die skool sal sorg dat hande gereeld gewas word met water en seep, of met 'n hand ontsmettingsmiddel gereinig word.
- Personeel en kinders is verantwoordelik vir die gereelde ontsmetting van hulle persoonlike ruimte onder personeel se toesig.
- Daar sal geen groot byeenkomste by die skool, soos Vrydae saamsing, Sportdag, jaarlikse konsert sowel as uitstappie ensovoorts wees nie. Rooster word sodanig aangepas om maksimale tyd aan akademie te spandeer.
- Sosiale afstand sal gehandhaaf word en fisiese kontak of aanraking (handdruk of drukkies) sal nie toegelaat word nie. Planne oor hoe die skool die proses gaan hanteer, sal ons daagliks implementeer met onderwysers sowel as assistente.

- Die skool sal daaglik ontsmet word, met klem op hoë risiko-oppervlakke soos trap relings, deurhandvatsels en badkamers en speelterrein sowel as tafels en stoeltjies, wat deur die loop van die dag ontsmet sal word.
- Daar is 'n daaglikse skoonmaak program met spesifieke chemikalieë wees en voorgeskrewe prosesse sal gevolg word.
- Daar sal geen druk wees om 100%-teenwoordigheid te handhaaf nie.
- Kinders en personeel wat siek voel, MOET tuis bly. Hulle moet vir Covid19 getoets word en ook die skool in kennis stel.
- Stigmatisering sal deur deeglike inligtingsessies bekamp word.
- Personeel sal verplig word om maskers sowel as “visors” te dra.
- Alle personeel en leerders se temperatuur sal soggens gemonitor word. Sanitasie houers word by die hekke geplaas en MOET hande sowel as onder kind se skoene en hul tasse gereinig word voor die terrein betree mag word.

Prosedures wat gevolg moet word indien iemand siek is:

- Kinders en personeel wat by die skool siek word of siek by die skool opdaag, sal so gou as moontlik huis toe gestuur word.
- Siek kinders of personeel sal apart van gesonde kinders en personeel gehou word tot tyd en wyl hulle afgehaal kan word. (ons kwarantyn area)
- Die skool kan egter nie COVID-19-gevalle identifiseer nie en daarom sal regte prosedures gevolg word indien daar Covid-19 simptome is.

- **Daar moet oop en eerlike kommunikasie tussen die huis/gemeenskap en die skool wees:**

- Volgens die wet moet siek personeel en leerders by die Departement van Gesondheid aangemeld word. Mense wat siek word, se kontak met ander individue sal nagevolg word, om die virus sover moontlik te bekamp. U samewerking om ons gemeenskap te beskerm is absoluut noodsaaklik.
- Dit is ouers en personeel se verantwoordelikheid om navrae so volledig moontlik te beantwoord. (Aangeheg is 'n “parent checklist” wat u moet voltooi en die eerste dag wat U kind die skool bywoon, ingevul en ingehandig moet word. Druk dit asb. en hou dit op 'n veilige plekkie.
- Enige nuwe inligting wat die skool ontvang, sal so spoedig moontlik aan ons gemeenskap gekommunikeer word. Dit verander op die stadium daaglik.
- Gesondheid- en higiëniese opleiding:
- Spesifieke opleiding is reeds aan alle personeel gegee en al ons onderwysers het 'n “trauma kursus” voltooi om ons klein mensies ten volle te ondersteun.
- Ons hulpdienste is beskikbaar vir emosionele ondersteuning ten opsigte van vrese, angs en onsekerhede. Ons Hoof het ook trauma opleiding om alle kinders te help wat onseker en emosioneel voel oor die terugkeer skooltoe.
- Daar is spesifieke higiëniese opleiding vir die verskillende klasse gegee.

Kontrolelyns vir die skool:

- “Health assessment” van elke personeellid

- 'n skoonmaak program vir personeel vir klasse sowel as die terrein en badkamers. 'n skoonmaker is aangestel wat opgelei is om die nodige Covid-19 program te volg.
- Gereelde vullisverwydering.
- Die identifisering van hoë risiko-oppervlakke soos telefone, deurhandvatsels, badkamers, deurrame, en meubels (tafels en stoele in klaskamers). Na elke beweging word as gespuit en gevee. Geen handdoeke word nou gebruik. Ons gebruik weggooi kombuis papier/servette vir klein handjies
- Medici sê goeie ventilasie in klaskamers is belangrik. Ten spyte van die koue winter sal ons sorg dat kinders nie koud kry en siek word nie, maar ons sal ook seker maak dat ons kinders deurentyd vars lug het en gereeld hulle hande was en spuit.
- Kinder vriendelike plakkate rakende COVID-19 en goeie higiëniese praktyke, sal oral sigbaar wees.
- 'n Ondersteuningsnetwerke vir personeel en ouers wat siek is, sal geskep word. Ons verwys na emosionele ondersteuning.

Kontrolelys vir die skoolgemeenskap:

- Watter mense is hoë risiko gevalle? Dit word bepaal deur:
 - Waar jy werk.
 - Die hoeveelheid mense met wie jy in kontak kom.
 - Hoe gereeld jy reis. Is daar mense by wie jy bly wat reeds positief getoets is.
 - Wat is die simptome?
 - Verkoue- of griepsimptome, soos koors, loopneus en hoes. Braking en diarree is ook aangemeld.

Skoolbywoning: Alhoewel ons versoek dat kinders wat enigsins simptome toon by die huis moet bly, is dit noodsaaklik dat die gesonde kinders wel skool toe kom. Skoolbywoning is glad nie verpligtend nie en u as ouer het die keuse om u kind skool toe te stuur of nie.

Strategie van die skool met die uitbreek van COVID-19 in die skool:

- Daar sal onmiddellik kommunikasie tussen die skool en die ouerhuis wees.
- Die betrokke partye sal dadelik getoets moet word.
- Die betrokke partye sal vir 10 dae in self kwarantyn moet gaan.
- Die betrokke partye moet dadelik 'n volledige lys van mense met wie hy/sy in kontak was, verskaf.
- Maak kontak met die bure of gemeenskap.
- Die skool sal die noodnommers van al die relevante owerhede, hospitale en departemente beskikbaar stel.
- Die bestuur van die skool het nie die outoriteit om die skool te sluit indien daar 'n Covid-19-uitbreking is nie. Dit is die verantwoordelikheid van die Departement van Gesondheid. Ons sal wel 'n klas per dag sluit vir nodige sanitasie so maak asb. seker u het 'n noodplan in orde vir u kinders se sorg sou dit gebeur.

Skool se ondersteuningsnetwerke:

- Gauteng Departement van Sosiale Ontwikkeling
- Nasionale Departement van Gesondheid (012 395 8000)
- The National Institute For Communicable Diseases (NICD) (0800 029999)
- Kloof Hospitaal (012 3674000), Pretoria-Oos Netcare Hospitaal (012 4222300), Unitas Netcare Hospitaal (012 6778000)
- Brooklyn Polisiestrasie (012 3661700) Lyttelton Polisiestrasie (012 6448600)

Volg die nodige prosedure met 'n siek persoon in die huis:

- Help die siek persoon om die betrokke dokter se instruksies vir versorging en medisyne te volg.
- Hou die telefoonnommer van die dokter byderhand.
- Vir die meeste mense duur die simptome 'n paar dae en voel hulle na 'n week beter.
- Sorg dat die siek persoon baie vloeistowwe drink en rus.
- Oorweeg dit, indien moontlik, om die benodigde items deur 'n aflewering diens te laat aflewer.
- Sorg vir die persoon se troeteldier(e) en beperk die kontak tussen die siek persoon en sy of haar troeteldiere, indien moontlik.
- Wees op die uitkyk vir waarskuwingstekens:
- Skakel die dokter as die persoon steeds sieker word.
- Vir mediese noodgevallen, skakel 911 en sê dat die siek persoon COVID-19 het of moontlik kan hê.
- Mense wat nood waarskuwingstekens vir COVID-19 ontwikkel, moet dadelik 911 skakel.
- *Nood waarskuwingstekens sluit in:
- Probleme met asemhaling:
- Kort van asem of asemnood.
- Aanhoudende pyn of druk in die bors.
- Verwarring of onvermoë om wakker te word.
- Blouerige lippe of gesig.
- Kouekoors.
- Seerkeel.
- Verlies van smaak- en reukvermoë.
- Hoofpyn en lyfseer.
- LET WEL: DIT IS NIE AL DIE NOODSIMPTOME OF TEKENS NIE.

Beskerm jouself as jy iemand wat siek is, versorg:

- COVID-19 versprei tussen mense wat in noue kontak kom (binne ongeveer 2 meter) deur druppels wat ontstaan as iemand praat, hoës of nies.
- Die versorger moet, indien moontlik, nie iemand wees wat 'n hoë risiko is vir 'n ernstige siekte soos COVID-19 nie.
- Gebruik 'n aparte slaapkamer en badkamer: Laat die siek persoon sy of haar eie "siekkamer" of omgewing weg van ander mense hê,

- Indien moontlik. Laat die siek persoon, indien moontlik, ook 'n aparte badkamer gebruik.
- Gedeelde ruimte: As julle die ruimte moet deel, maak seker dat die kamer goeie lugvloei het. Maak die venster oop en skakel 'n waaier aan (indien moontlik) om lugsirkulasie te verhoog. Die verbetering van ventilasie help om asemhalings druppels uit die lug te verwyder.
- Vermy besoekers: Vermy onnodige besoekers, veral besoeke van mense wat 'n groter risiko vir ernstige siektes het.
- Eet in aparte kamers of areas: Die persoon wat siek is, moet, indien moontlik, in sy eie kamer eet (of gevoed word).
- Was skottelgoed met handskoene en warm water: Hanteer alle eetgerei (bekers, glase, borde, messe, vurke en lepels) wat deur die siek persoon gebruik word, met handskoene. Was dit met seep en warm water, of in 'n skottelgoedwasser.
- Was jou hande deeglik nadat jy die handskoene uitgetrek of gebruikte voorwerpe hanteer het. Moenie deel nie: Moenie eetgerei (bekers, glase, borde, messe, vurke en lepels), handdoeke, beddegoed of elektronika met die siek persoon deel nie.

Volg die nodige prosedure wanneer 'n persoon wat siek was, gesond geword het
Volgens beskikbare voorlopige gegewens is die gemiddelde tydperk van die begin tot die kliniese herstel vir ligte gevalle ongeveer twee weke, terwyl ernstige gevalle drie tot ses weke duur.

Wanneer kan kinders terugkom skool toe?

- Kinders moet 14 dae by die huis bly as hulle simptome begin toon of positief getoets is.
- Na 14 dae, of as die leerder geen simptome meer toon nie, moet die leerder weer getoets word.
- Die ouers moet die hoof skakel en die negatiewe uitslag aan hulle verskaf.
- Hoof sal die leerder dan weer by die skool toelaat.

Hantering van besoekers by die skool (sluit ouers in):

Geen besoekers word op die terrein toegelaat nie.

Alle aflewering sal by die hek ontvang word.

Geen buitemuurse aktiwiteite gaan nou plaasvind nie soos voorgeskryf van die Departement van Sosiale Ontwikkeling

Gesigsmaskers:

Die skoolbestuur het 'n statutêre verpligting om te verseker dat ons hele skool beveilig is en alle prosedures deurdag en verantwoordelik bestuur word. Die dra van maskers in die openbaar is vanaf 1 Mei 2020 verpligtend.

Al ons personeel het opleiding ontvang aangaande korrekte gebruik van hande was, hand reinigers, sowel as die korrekte manier om PPE (personal protective equipment) te gebruik. Klik op onderstaande skakel om die webtuiste te besoek:

http://www.treasury.gov.za/comm_media/press/2020/Annexure%20B%20%20Recommended%20Guidelines%20Fabric%20Face%20Masks%20RSA%20DTIC.pdf

Praktiese riglyne:

1. Laat die kinders by die huis begin om so 30 min per dag met gesig beskerming rond te loop. Vermeerder elke dag die tydsduur.
2. Daar moet nie aan die gesigskerm geraak word nie.
3. Hande moet gewas word voor die gesigskerm aangesit word en nadat die gesigskerm afgehaal is.
4. Die kinders moet geleer word hoe om die gesigskerm (LW nie masker nie) korrek aan te sit en af te haal. (Dit moet bv. tot by die huis aangehou word, direk in die wasmasjien of wasbak gegooi word sonder dat iemand anders daaraan raak. Dit moet dus nie in die motor afgehaal word as die kinders opgelaaai word nie.) Ontsmet die plastiek sodra julle tuis kom
5. Gesigskerm moet nie deur kinders gedeel word nie, dus elkeen moet sy/haar eie gesigskerm hê.
6. Wees 'n voorbeeld vir die kinders deur self jou eie masker korrek te hanteer en hande gereeld te was en hand reinigers te gebruik.

Dis egter belangrik om te weet dat gesigskerms/hoedjies uitgawes gaan wees wat baie ouers nie sal kan bekostig nie. Dis is dit **uiters noodsaaklik** om u kind se juffrou daarvan in kennis te stel sodat die skool u kind van 'n gesigskerm kan voorsien (indien enige ouer bereid sal wees om hiermee te help sal ons dit ongelooflik baie waardeer). Stuur epos na sue.nolte78@gmail.com

Persoonlike sanitasie/higiëne:

- Daar sal van elke ouer verwag word om sy/haar kinders te was of hand ontsmettingsmiddel aan te spuit sodra julle by die huis vertrek
- Bestuur van speelyd: Spesifieke areas sal aan spesifieke klasse geallokeer word om te verseker dat daar genoeg spasie vir elke klas is om die aanvaarbare sosiale afstand te handhaaf.
- Verskaffing van kos:
- Ons sal elke kind se eie eetgerei verskaf wat genommer sal word. Ons kombuis sal met die hoogste moontlike gesondheidsmaatreëls voldoen. Al die nodige opleiding is aan die kombuis verskaf. Ons kok sal ook te alle tye 'n voorskoot, masker en "visor", handskoene, kopnet sowel as skoene oortreksels voorsien word. 'n Skoonmaak rooster sal gevolg word en middagetes gaan ook op verskillende tye plaasvind.
- Die groot sandput gaan met matie toegemaak word en afgespan word tot verdere kennisgewing.
- **Dit sal beteken ALLE kinders sal in die middag moet rus.**
- Prosedures oor rustyd: U as ouer moet self van die huis 'n kombes stuur in 'n plastiese sakkie met u kind se naam duidelik gemerk.
- Ons mag nie die kombesies opvou en in die kas bêre nie. Ons sal kombes ontsmet en in die sakkie bêre. Die kombes sal elke Vrydag huis toe gestuur word en ons vra dat julle die kombes apart in warm water sal was en weer elke Maandag terugstuur.
- Elke matras sal gemerk word met nommers soos met eetgerei. Na hul rustyd word alle matrasse ontsmet en in die son gelaat vir 'n halfuur voor ons dit weer stoor.

- Ons vra dat elke ouer vir julle kinders 'n leë roomysbak sal stuur met u kind se naam duidelike daarop geskryf (indien u nie 'n roomysbak het nie kan u 'n bak met ongeveer die grootte 22cm x 16cm) Die bak gaan slegs vir u kind gebruik word met hulle eie skryfbehoeftes, klei ens. Vir die babas vir hulle bottels en fopspene.
- Alle kinders wat nog doeke dra sal op 'n oppervlak geruil word, wat met plastiek oorgetrek is om te saniteer na elke gebruik.
- Ons kotte sal ook geskuif word vir die nodige sosiale afstande. Babas onder 2 moet asb. glad nie gesigskerms dra nie. Hulle longe is nog nie heeltemal ontwikkel nie en plaas hulle in gevaar. Die juffrou sowel as assistente sal saniteer na elke speelyd en die speelgoed gaan ook verminder word sodat veiligheidsmaatreëls gehandhaaf kan word.

Hoë risiko kinders:

Hoë risiko kinders word aan die volgende kriteria gekenmerk:

- Bestaande mediese toestande, soos byvoorbeeld diabetes.
- Bestaande respiratoriese toestande, soos byvoorbeeld asma.
- Hoë bloeddruk.
- Hartsiektes.
- Kanker en ander immuniteit verswakkende toestande.

Daaglikse ontvangs by die skoolhek:

- Die skoolhek kan in die oggend 'n plek wees waar ouers saamdrom om die skoolterrein te betree.
- Die skool tref die volgende reëlins om te verseker dat ouers nie saamdrom nie:
- Daar sal lyne 1.5 meter uitmekaar buite die skool getrek word waar die ouers in 'n ry moet aanmeld en hulle afstand tussen mekaar moet handhaaf.
- Geen ouer mag die skoolterrein betree nie. Daar sal 'n lyn wees waar u, u kind oorgee.
- By die hek sal daar personeel wees wat kinders se temperatuur monitor, voor hulle die terrein met hul gestandaardiseerde gesigskerms aan, mag betree.
- Ons vra asseblief u as ouer om rustig en op 'n ordelike manier geduldig te wag om by die hek te kom. Hou asb. u afstand en u moet **'n masker dra sodra u uit die motor klim.** (Weekliks sal u 'n vorm ontvang wat handel oor julle gesin se gesondheid wat weer Maandag ingevul en oorhandig moet word aan die juffrouens by die hek.
- Kinders sal eers **07:00 ontvang kan word** en slegs by die boonste hek waar ons die kode indruk. Ons gaan van 'n ander groot hek gebruik maak. Een juffrou sal u kind se koors meet en een dit aanmeld. Enige kind met 'n temperatuur van 37.4 sal nie toegelaat word nie. Ons sal u dan verwys om u kind by die huis te monitor en u Dr te raadpleeg. **Geen kind wat siek is mag skool toe gestuur word nie**
- Nadat u kind se temperatuur aangemeld is, gaan U kind se hande gesaniteer word sowel as hulle tas en onder hulle skoene (slegs toe skoene word nou toegelaat) - ALLE kinders moet skoene dra. 'n Juffrou of personeelid sal u kind na hulle klasse vergesel.
- Kinders se koors sal weer aangemeld word voor en na slaapyd en voordat hulle huis toe gaan. Indien daar enige veranderinge in u kind se gesondheid is deur die loop van die dag sal u geskakel word om onmiddellik u kind by die skool te kom afhaal –

Ons het 'n kwarantyn vertrek beskikbaar gestel, waar u kind sowel as 'n personeelid vir u sal wag – Speelgoed en 'n bed is in vertrek beskikbaar.

- Geen waterbottels mag van die huis af gestuur word nie. Slegs vir die peuters en babas wat nog uit bottels drink. Maak asb. seker u vee of saniteer dit voordat u dit in die kind se tas pak. Die betrokke juffrou sal ook die bottels weer ontsmet en hulle bakkie ver van mekaar stoor gedurende die dag.
- Geen sagte speelgoed word tot verdere kennisgewing toegelaat nie. Die klasse het 3 rotasie houers met speelgoed wat weer gereinig sal word na elke speelyd.

COVID-19-kommunikasie by die skool:

Die belangrikste manier om ons gemeenskap teen die virus te beveilig, is om te verseker dat goeie higiëniese gewoontes gevestig word. Dit sal net gebeur as ons skoolgemeenskap permanent die goeie gewoontes nakom. Plakkate sal in die klaskamers en op mure van skool sowel as klaskamers aangebring word om ons skoolgemeenskap deurentyd daaraan te herinner. Plakkate sal onderwerpe hanteer soos:

- So was 'n mens jou hande deeglik en gereeld (Ons volg riglyne van "World Health organization)
- Oppervlakke wat vermy moet word.
- Fisiese kontak word belet tussen kinders. Onderwysers mag u kind optel en vertroos en doeke ruil ens... met die klem daarop dat hande gesaniteer word voor ons aan 'n ander mag raak. **Emosionele welstand is vir uiters belangrik vir ons kinders!**
- Handhaaf 'n veilige sosiale afstand.
- Goeie higiëniese praktyke.
- Hoes en nies in jou elmboog.
- Reis: Onthou om dit, sover moontlik, te vermy om te reis. Indien u nie 'n keuse het nie, tref asseblief al die nodige veiligheids- en voorsorgmaatreëls.
- Indien u meer informasie benodig is u welkom om die skoolhoof te kontak: Sue Nolte epos sue.nolte78@gmail.com

Skoolfonds:

Ons wil graag ons ouers bedank wat getrou julle skoolfonds betaal het in die grendel tydperk. Sonder dit sou ons nie weer ons deure kon oopmaak nie. Die skool fooie is reeds genoem, ons doen 'n beroep op u as ouer om getrou u skoolgeld te betaal.

Elkeen van ons personeel en ouers het die verantwoordelikheid om ons gemeenskap te beskerm. U beskerm nie net u kind met u keuses nie, maar u beskerm ook elke ander persoon wat deel van die skool is.

*Onthou asseblief om die nodige vorm in te vul en te teken en kantoor toe te stuur

Onderwysers moet asb. nie gedurende die dag onnodig gepla word met WhatsApp boodskappe en oproepe nie. Die fokus is u kind se veiligheid, saniteering, ontsmettings en die nodige sosiale afstande te handhaaf. Indien daar 'n probleem is skakel ons u dadelik.

REG VAN TOEGANG WORD VOORBEHOU

Baie dankie vir u sorgsame samewerking en lojaliteit aan die skool.



Sue Nolte

Skoolhoof

073 6499 739

Sue.nolte78@gmail.com



Monumentpark
Kleuterskool
Nursery School